Maandag **14 Oktober**

**Skrifgedeelte: Jesaja 6:1-12**

**Fokusgedeelte: Jesaja 6:6-8**

**In diens van die Here**

In dié hoofstuk lees ons dat Jesaja die HERE sien op sy troon, wat as hoogste Koning regeer. In daardie dae het die lengte van ’n koning se kleed die grootheid van sy rykdom en mag aangedui. Hier sien Jesaja die HERE as koning en sy majesteit en sy mag is so groot dat die soom, die onderste punt van sy kleed, die hele tempel vul!

Verder lees ons van serafs wat Hom dien. Hulle is geskep om in sy teenwoordigheid te wees, en tog maak hulle hulle gesigte en hulle voete met hulle vlerke toe. Hulle roep uit: *Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskare!* Daarom kan niks wat nie heilig is in sy teenwoordigheid bestaan nie.

Jesaja besef die werklikheid van die situasie. Hy is ’n man wat vol sonde is en hy is deel van ’n volk wat vol sonde is. Daarom roep hy uit: *Wee my, want ek is verlore.* Hy is besig om te vergaan, want hy het die Koning, die HERE van die leërskare gesien. En hy kan nie voor hierdie Heiligheid bestaan nie.

Tog bewys die HERE groot genade aan Jesaja. Daar kom ’n seraf (wat handel op bevel van die HERE) en vat met ’n tang ’n gloeiende kool van die altaar af en raak met die kool aan Jesaja se lippe. Die seraf sê sy skuld is weg en sy sonde versoen. Hy mag nou voor die HERE staan.

Nadat Jesaja verlos is van sy verlorenheid, hoor hy die HERE vra: “Wie sal Ek stuur?” En in reaksie hierop antwoord Jesaja: Stuur my. Die HERE stuur vir Jesaja om aan die volk te gaan sê dat hulle sal hoor, maar nie verstaan nie en dat hulle nie sal bekeer en gesond word nie.

Die HERE van die leërskare is heilig, heilig, heilig. Niemand het die reg om in sy teenwoordigheid of diens te staan nie. Tog kry gelowiges die voorreg. Ons word heilig gemaak in Christus en ons mag nou in die HERE se diens staan. Daarom moet ons ook van hierdie groot verlossing getuig.

*Sing: Psalm 89-1:1, 6*

*Ds. AP (Peet) van der Westhuizen (Wolmaransstad)*